Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Kommunikasie uit die Raad
Junie 2025

Ek stuur hierdie kommunikasie uit enkele dae ná die plegtigheid ter inhuldiging van Reserwebankpresident Lesetja Kganyago, waarvan SABC Nuus 'n gedeelte intyds uitgesaai het. Simultane tolking in Afrikaans en Xhosa was beskikbaar vir diegene wat persoonlik teenwoordig was, met 'n Suid-Afrikaanse Gebaretaal-tolk op die verhoog. Teen die einde van die plegtigheid het die reën opgehou, sodat 'n kort akademiese prosessie met Victoriastraat langs moontlik was – 'n gepaste afsluiting van 'n pragtige tentoonstelling van soveel wat uitnemend aan ons spesiale universiteit is. Ons sien uit na Kanselier Kganyago se simboliese leierskap met sy woorde oor die kritieke belangrikheid van akademiese vryheid, ons verantwoordelikheid teenoor die toekoms en ons plig om 'n plek vir almal te wees as duidelike kompas. Dankie aan almal van u wat daaraan meegewerk het om hierdie vierings so besonders te maak.

Die Universiteit Stellenbosch (US) Raad het op 17 Junie vergader terwyl universiteite wêreldwyd met aansienlike uitdagings vir hulle finansiële volhoubaarheid as uitvloeisel van geopolitieke verwikkelings worstel, veral die VSA se onttrekking van federale finansiering vir kritieke akademiese programme. In Suid-Afrika verskerp goed gedokumenteerde NSFAS-kwessies die enorme druk op plaaslike hoëronderwysinstellings, veral dié – soos die US – wat daartoe verbind is om die land se openbare gesondheidstelsels op nasionale en streeksvlak te ondersteun.

Prof Deresh het in sy eerste Raadsverslag as Rektor en Visekanselier hierdie kwessies uiteengesit, asook die maatreëls wat die Universiteit besig is om in reaksie daarop in te stel. In 'n uitvoerige bespreking en in die lig van bogenoemde het die Raad erkenning gegee vir die werk van die US Gebeurlikheidskomitee, wat daarop ingestel is om die impak van die besnoeiing aan federale finansiering uit die VSA te versag vir navorsingsprojekte en kliniese proefnemings aan die US. Die Rektoraad en die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het gesamentlik R70 miljoen uit die Universiteit en die Fakulteit se gebeurlikheidsfondse beskikbaar gestel om kritieke navorsingsprojekte te ondersteun terwyl ander finansiering gesoek word, onder meer vanaf die Nasionale Tesourie. Die Raad het ook erken dat, hoewel die grootste sorg aan die dag gelê word om die impak op ons personeel te beperk, sommige personeelrolle in gedrang mag kom.

Die Raad het opgemerk dat, hoewel die onmiddellike aandag op die uitwerking van die VSA se besnoeiing aan finansiering gerig is, die verhoogde finansiële druk op ons sektor verg dat die US dringend, vanuit 'n breë basis en in detail, sal reageer met die fokus daarop om die Universiteit se langtermyn- finansiële volhoubaarheid te verseker. Hierdie gesprekke sal ongetwyfeld die Universiteit se 2026-begrotingsproses beïnvloed. Dit sal nie net op kostebeheer en deurdagte prioritisering van kapitaalbesteding fokus nie, maar ook op die noodsaaklikheid om nuwe sakemodelle en inkomstegeleenthede te oorweeg.

Die US het oor dekades heen hard daaraan gewerk om 'n uitmuntende finansiële kapasiteit en 'n reputasie vir akademiese uitnemendheid op te bou, en ek bedank u almal vir u aandeel daaraan. Die Raad het die Finansiële Jaarstate vir 2024 goedgekeur. Dit weerspieël 'n gesonde basis waarvandaan ons die beroerings in ons sektor kan navigeer. Nietemin sal ons in die maande wat voorlê 'n paar duidelike keuses moet uitoefen.

Die Rektor het ook besin oor sy talle ontmoetings met belanghebbendes sedert hy sy pos opgeneem het. Baie daarvan het op die moontlikheid gefokus om sterker vennootskappe met die US te bou. Mees onlangs is hy en die kollegas wat hom vergesel het, met uitsonderlike entoesiasme in Zimbabwe, Kenia, Uganda en Rwanda ontvang – geleenthede vir toekomstige samewerking.

Prof Nico Koopman, Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, het 'n voorlegging gedoen oor die opkomende ingebruikneming van die nuwe Prestasieverbeteringsraamwerk, wat transformasie as sleutelprestasiearea (KPA) insluit. Prof Koopman het ook beklemtoon dat dit, buiten BBSEB-teikens en verantwoordbaarheidstrukture, dringend nodig is om na personeelwelstand om te sien, met die klem daarop om 'n veilige, respekvolle en inklusiewe werkplek te skep.

Ander sake wat die Raad bespreek het:

- Vordering met die herbelyningsproses van die Rektoraat
- Die voorgenome vyfjaar-inskrywingsbestuursplan, wat mettertyd hersien sal word om strategieë in verrekening te bring wat 'n impak op die US se samestelling en grootte asook die instelling se akademiese aanbod mag hê
- Vordering met die Wilgenhof-fasiliteringsproses; die Raad het kennis geneem dat opknappings aan die gebou betyds afgehandel sal wees sodat studente kan terugkeer soos beplan – aan die begin van die tweede semester
- Die nodigheid om die Dissiplinêre Kode vir Studente en die US Statuut te hersien; albei is meer as vyf jaar oud
- Die loods-ingebruikneming van 'n KI-tutorbot (aanvanklik in Afrikaans) om akademiese steun en studentesukses te verryk
- Die vernuwing van die Dell Young Leaders-program, waarin die US steeds medebelê om beurse en omvattende ondersteuning te verskaf wat verdienstelike behoeftige studente akademies én persoonlik bemagtig

Ons het prof Bertie Fielding as nuwe Senaatsverteenwoordiger in die Raad verwelkom en ons opregte dank uitgespreek in ons afskeid van die uittredende ministeriële afgevaardigde, oud-Matie en -SR-lid Ziyanda Stuurman, wat na tien jaar van uitmuntende diens uit die Raad tree.

Hoewel ons steeds komplekse uitdagings moet konfronteer, behou die Raad die grootste vertroue in die leierskap, personeel en studente van die Universiteit Stellenbosch. Met u voortgesette ondersteuning is die US goed geposisioneer om innovasie, transformasie en uitnemendheid na te streef in, met en vir Afrika.

Dankie weer eens.

Vriendelike groete
**Nicky Newton-King**
Raadsvoorsitter